hou KOERS!

WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA



## Die perfekte "Valentynsgeskenk" van 'n Voortrekker?

Dit is nie iets wat in geskenkpapier kom nie, en dit het beslis niks met harte en sjokolade te doen nie. Die mooiste geskenk wat 'n Voortrekker kan gee, is lig.
Lig wat wys in 'n vriendelike woord, 'n helpende hand, 'n lied om 'n kampvuur en diens wat sonder erkenning gedoen word. Dis liefde wat op 'n stil manier hoop gee, moed aansteek en rigting wys.

As ligdraers in die wêreld stap Voortrekkers elke dag met hierdie geskenk rond. Hoe meer dit gedeel word, hoe helderder skyn dit. Dít is Voortrekkerliefde: eg, standvastig en altyd op pad vorentoe.


## 21 Februarie - Internasionale Moedertaaldag

Omdat ons lief is vir Afrikaans, vier ons hierdie dag opnuut. Klik op vasvra en speel saam.

Vasvra

Idioomraai: Skandeer die QR-kode en stuur jou antwoorde vir ons.

A



B



C



## Melktertdag – 'n soet stukkie erfenis

Melktert is 'n stukkie huis, geskiedenis en saamwees. Dis die geur wat jou terugvat kamp toe, kombuistafels omring deur gelag, en oomblikke wat stadig geniet word.

Voortrekkers is bekend daarvoor om tradisies lewend te hou en met ander te deel. Soos elke jaar, vier ons 27 Februarie as Melktertdag, met kaneel, kors en oop harte en hande. Dis 'n herinnering dat gemeenskap rondom eenvoudige dinge gebou word.

Die melktert-uitdaging:
Kom ons bak (of koop 😉) 'n melktert, deel dit met iemand buite jou huisgesin en neem 'n foto van die oomblik. Bonuspunte as daar 'n storie, lag of nuwe vriendskap saam met die tert gedeel word. Want by Voortrekkers is die soetste deel altyd die saamwees.



Wil jy Faf se prentjie gebruik? Klik daarop en laai dit gerus af.

## NEEM KENNIS

REGISTREER hier!

Eerste betaling van lidmaatskapsfooie by HK:
Vrydag 27 Februarie.

Februarie 2026

VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD



## Het jy geweet?

Kortbroeke vorm nie deel van die formele Voortrekkerdrag vir Verkenners nie. Wanneer formele Voortrekkerdrag vereis word, dra Verkenners die volledige, voorgeskrewe formele Voortrekkerdrag. Dit help om eenvormigheid, trots en respek vir Die Voortrekkers se tradisies te bevorder.

## #Gebruik die hutsmerk op sosiale media

Elke foto, video en storie wat jy deel, help om die Voortrekkerverhaal verder te neem. Deur hutsmerke (hashtags) te gebruik wanneer julle jul aktiwiteite plaas, help julle ons om Die Voortrekkers ook nasionaal sigbaar te maak. Gebruik gerus #DieVoortrekkers, #HouKoers, #VoortrekkersAsLigdraersInDieWereld ensomeer. Só wys ons saam dat Voortrekkers regoor die wêreld aktief en relevant is - een plasing op 'n slag.

## Nog 'n hulpmiddel

Hier is nog 'n hulpmiddel om jou spanbyeenkomste te vergemaklik. Hierdie maand fokus ons op range en kentekens. Hier is 'n hulpmiddel om dit te help verduidelik. Loer gerus in die biblioteek op die webblad en laai dit af. Klik op die foto vir die skakel.




## Kode 3: 'n Voortrekker is gehoorsaam

Gehoorsaamheid is nie om blindelings te volg nie, maar 'n bewuste keuse om met respek te luister, verantwoordelik op te tree en die regte ding te doen - selfs wanneer niemand kyk nie. 'n Voortrekker verstaan dat reëls en leiding daar is om veiligheid, orde en groei moontlik te maak.
Deur gehoorsaam te wees aan ons leiers, ons ouers en die waardes van Die Voortrekkers, leer ons selfdissipline en bou ons karakter. Dit is juis hierdie eienskap wat 'n Voortrekker help om 'n betroubare, standvastige ligdraer in die wêreld te wees.

## Projek Ligpunt

Ons nasionale projek vir 2026, Projek Ligpunt, gaan oor mense wat ons pad kruis, stories wat ons harte raak en oomblikke waar lig onverwags begin skyn.

Vertel ons van die mense wat julle ontmoet, die slim en kreatiewe oplossings wat julle besig is om te skep en die ambassadeurs van lig wat julle inspireer. Dalk is dit 'n kind met onblusbare hoop, 'n ouer wat elke dag aanhou gee, 'n onderwyser wat verder as sy roeping stap, of 'n gestremde persoon in julle gemeenskap wat wys wat ware moed en ligdraerskap beteken.
Deel julle Ligpunt-stories hier: Klik

## Nog nuwe kommando's vir Namibië



Gobabis is geleë in die sentraal-ooste van Namibië, naby die Botswanagrens, en staan bekend as "Little Texas". Die gebied is 'n besondere mengsel van bosveld en rooi Kalahari. In Oktober 2025 word Gobabis Voortrekkers herstig met Wiaan Louw as KL.

Sentraal Namibië is inderdaad 'n plek waar die paaie van die ooste en weste, noorde en suide van die land bymekaar kom. Die Voortrekkerverhaal in Namibië groei verder wanneer die Okahandja Voortrekkerkommando in Februarie 2026 die lig sien. KL Marina van't Zand neem hier die leisels.

Ons wens beide kommando's alles van die beste toe. Mag julle ware ligdraers wees waar Voortrekkers weer diep wortel skiet en die lig ver oor Namibië laat skyn.



## In watter jaar is hierdie foto geneem?



Skandeer die QR-kode en stuur vir ons jou antwoord.

Leidraad: Van Riebeeckfees.